**5 Junie**

Skrifgedeelte: Spreuke 16
Fokusgedeelte: Spreuke 16:1 (vgl 19:21)

# Ons stuit voor God

Wie Spreuke lees, delf rond in die dieptes van die lesse wat God se voorsienigheid leer. Elke vers is vars, nuut, dit bring inderdaad nuwe en ou dinge te voorskyn. Dis ’n lus vir die oor, dis ’n legkaart vir die verstand, ’n sleutel vir vrede, liefde, geluk, hoop, ag, sommer vir jou hele lewe voor God se aangesig in God se wye wêreld!

Hier openbaar die Heilige Gees iets oor die lewenskuns van God se kinders, die agter die gordynwerk, die draaiboek ... die Outeur! Hier op die ondermaanse – “*onder die son*” sou Prediker sê – hier swoeg ons tussen dorings en dissels om in die sweet van ons aanskyn ons brood te verdien en krisisse en traumas te verwerk. Baie planne met baie mislukkings. Thomas Edison, die befaamde uitvinder/entrepreneur (meneer gloeilamp), het glo vertel dat hy nie self so baie self uitgevind het nie as dat hy ander mense se idees uitgevoer het waarvoor hulle teruggedeins het om deur te voer.

Mens kan jou planne hê, jou voornemens, maar dan stuit ons voor dit wat buite ons beheer om gebeur, meer nog, ons stuit voor God wat alles regeer.

Ons Here Jesus vertel hoe mens eers ’n kosteberekening moet gaan maak voordat jy ’n toring bou, eers jou magte moet tel voordat jy wil oorlog maak (Luk 14:28). Jakobus lei ons daartoe om nie al te selfversekerd te wil wees nie, maar eerder te sê: “*As die Here wil en ons lewe, sal ons dit of dat doen*” (4:13v). Dis ook in lyn met Jesaja 55:8: “*My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here*.”

Hier moet ons biddend uitmaak wat God se wil is of nie is nie. Nooit in ons geloof onverantwoordelik optree en bidloos ons teks vergeet nie: “*’n Mens kan sy voornemens hê, maar die laaste woord kom van die Here af*.”

Ook die heel laaste woord wanneer Hy op sy troon sit. Gee aan God die eer. Bid daarom dat die Heilige Gees jou in sy waarheid sal lei.

Sing: Psalm 33:5, 11 (1936)

Ds PK Lourens (Bloemfontein)